VERSIER ‘N MUUR

Het jy ‘n muur wat jy wil wegsteek of dalk net mooi wil versier?Hier is ‘n paar van die bestes:

1).Rank ‘n roos
Baie van die rankrose wat vandag beskikbaar is versier ‘n muur vir ‘n hele paar maande,omdat hulle regdeur die seisoen blom.Rose wat goed werk is die pers “Rhapsody in Blue”,en die appelkooskleurige “Crepuscule”-vra by jou kwekery wat hulle aanbeveel.

2).Blomme by dosyne
Bougainvilleas dra feitlik heeljaar blomme,soms is daar so baie blomme dat jy nie eers ‘n groen blaartjie kan sien nie.Hulle blom die beste in volson.Daar is soveel kleure beskikbaar,daar moet een wees wat in jou tuin sal inpas.Snoei die plant terug om dit in toom te hou en sorg vir ‘n sterk raamwerk waarteen jou bougainvillea kan opklim.

3).Kaalvoet in die reën
Die alombekende bloureën,of Wisteria sinensis is goeie nuus vir tuiniers in ‘n koue klimaat.Hoe kouer die winter,hoe beter sal dit blom.Die plant is baie gehard en het net aanvanklik heelwat water nodig.In die lente dra hy trosse geurige blou-pers blomme,en het mooi blaarkleure in die herfs.Snoei jou Wisteria na blomtyd terug om te keer dat dit handuit ruk.

4).Sterjasmyn
Die plant sal enige muur in ‘n fokuspunt omtower met sy oorvloed wit blommetjies.Die plant werk ook goed in ‘n pot en as ‘n grondbedekker.Sterjasmyn is gelukkig in half-tot volskaduwee,dit is ook ‘n wenner teen ‘n koeler muur,maar blom net effens minder in volskaduwee.
Indien jou vingers jeuk kan jy ‘n draadraamwerk teen die muur span om die plant teen op te lei.Ryg hom net deur die draad tot hy ‘n vatplek kry.